



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.**

**VRAAG 1****1.1 Bevordering van vrede tussen godsdienste in SA**

- Alle godsdienstige gemeenskappe het die Grondwet aangeneem en almal moet daarvolgens werk.
- Die Grondwet het Suid-Afrika as 'n sekulêre staat gevestig, met geen staatsgodsdienste nie.
- Dit verbied diskriminasie op grond van godsdienstige oortuigings.
- Godsdienstige gebruike kan by staatsinstellings aangebied word.
- In 1997 het president Nelson Mandela godsdienstige gemeenskappe gevra om saam te werk om 'n vrye en regverdige Suid-Afrika te bou.
- Daar is oor die algemeen harmonie en vryheid van assosiasie tussen die godsdienste.
- Respek en verdraagsaamheid vir verskillende rituele, praktyke, oortuigings vind tussen die verskeie godsdienste plaas.
- Vryheid van uitdrukking moedig wedersydse kommunikasie tussen godsdienste aan, sonder vrees.
- Vryheid van opinie gee aan godsdienste 'n platform om uitsprake te lewer oor sake van die staat en sosiale vraagstukke.
- As erkenning van Suid-Afrika se vordering na godsdienstige verdraagsaamheid, is die Wêreldgodsdienstparlement ('World Parliament of Religions') in 1999 in Kaapstad belê.

(10)

**1.2 Stappe om intergodsdienstige harmonie te bevorder**

- Mense van verskillende gelowe span saam om ander te help en ook om belangrike kwessies te debatteer en 'n gemeenskaplike standpunt te vind.
- Eenheid word tussen godsdienste gesien.
- Godsdienstige organisasies bied dienste aan wat 'oop' is om 'n voorbeeld van toeganklikheid vir almal te stel.
- Vigspasiënte word versorg en ondersteun, dikwels deur gebed, deur lede wat verskillende gelowe verteenwoordig.
- Verteenwoordigers van Suid-Afrika se godsdienste en ander volgelinge hou 'n optog na die Parlement om 'n memorandum oor kwessies wat die gemeenskappe raak, te oorhandig.
- 'LifeLine' is gestig om berading vir mense in nood te bied. Opleiers wys hul skofte aan hul 'Opperwese'.
- Multigeloofsbyeenkomste word georganiseer waar dienste gehou word om 'n aspek van menseregte te vier.
- Wanneer die Parlement geopen word, 'wy' verskeie politieke en godsdienstige leiers hulself aan 'n 'Groter Godheid'.
- 'n Viering van 'n openbare vakansiedag, soos Vryheidsdag, kan toegesprek word deur 'n Imam, 'n Rabbi, 'n Guru en 'n priester.
- Vordering word gemaak in intergeloofsdialoog wat vir godsdienstige leiers meer produktief kan wees om emosioneel verdelende kwessies te oorweeg, as wanneer dit in politieke kontekste gedebatteer word.

(10)

**1.3 Faktore wat intergodsdienstige dialoog in Afrika bemoeilik**

- Gebrek aan samewerking tussen verskillende godsdienstige groepe.
- Sommige groepe sal nie aan tussengodsdienstige dialoog deelneem nie, omdat hulle óf glo dat sulke ontmoetings nie deur hul geloof toegelaat word nie, óf omdat hulle ernstige vooroordele oor ander geloofsgroepe het.

- Intergodsdienstige dialoog en ander vorme van godsdienstige vredespogings kan ou wonde oopkrap.
- Verskeie godsdienstige groepe is vasgevang in die geskiedenis van godsdienstige konflik (hulle kan nie ou vooroordele oorkom nie).
- Dwarsdeur die geskiedenis het duisende mense hul lewens verloor as gevolg van hul godsdiens/geloof.
- Wanneer godsdiens as 'n middel tot politieke voordeel gebruik word.
- Ekonomiese belange kan dialoog onder godsdienste manipuleer om beheer oor skaars hulpbronne te verkry.
- Territoriale konflik wat godsdiens gebruik, om emosies te laat opvlam.
- Godsdienstige groepe wat hulself van kwessies in die gemeenskap afsonder.
- Om godsdiens by vredespogings te betrek, is sensitief; dit is belangrik om vreedzaam te werk te gaan.

(10)

#### 1.4 Twee organisasies wat intergodsdienstige dialoog bevorder

##### Wêreldgodsdienstparlement

- Verteenwoordigers kom van regoor die wêreld, van beide Westerse en Oosterse godsdienste.
- Dit word elke vyf tot ses jaar in 'n ander stad belê.
- Die Parlement van 1993 het 'n dokument genaamd 'Toward a Global Ethic' uitgereik.
- By die Parlement van 1999 in Kaapstad is amper al die wêreldgodsdienste verteenwoordig.
- Die organisasie se fokus is op godsdienstige toewyding tot die oplossing van wêrelduitdagings.
- Bv. oorlog/godsdienstige konflik, dwelmhandel, armoede, aardverwarming, ens.
- Intergodsdienstige liggame is meer geneig om hul voornemens na te kom, as gevolg van hul sterk geloof.

##### Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP')

- Dit is in 1970 gestig.
- Dit het uit lede van alle godsdienste bestaan.
- Die gemeenskaplike doel is vrede.
- Hierdie liggaam glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture saam te snoer met 'n gemeenskaplike doelwit.
- Hulle fokuspunte is:
  - Konflik en versoening
  - Kinders en gesinne
  - Ontwapening en sekuriteit
  - Menseregte en verantwoordelikheid
  - Vredesonderrig
- Hulle kom elke vyf jaar byeen.

##### Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika (IFAPA)

- IFAPA fokus op ondersteuning vir Afrika.
- Hulle werk hoofsaaklik in Soedan.

- Hierdie intergodsdienstige koalisie het die volgende doelwitte:
  - Bevorder intergodsdienstige samewerking.
  - Skep 'n gemeenskaplike spasie vir godsdienste om saam te werk.
  - Kweek aanvaarding en onderlinge respek vir mekaar.
  - Erken eenheid in diversiteit.

(20)

**[50]****VRAAG 2****2.1 Rol van godsdienstige LERING in EEN godsdienst****2.1.1** *[Christendom word as voorbeeld gebruik]***Die aard van goddelikheid**

- Christene glo in die bestaan van 'n opperwese of heilige wese bekend as God.
- God manifesteer Homself as drie persone: Die Vader, die Seun en die Heilige Gees, bekend as die Heilige Drie-eenheid.
- God die Vader word beskou as die Skepper van die heelal.
- God die Seun word beskou as die Verlosser en Bevryder van die mensdom.
- God die Heilige Gees as Raadgewer van Christene en advokaat vir hul belange.
- God die Vader het sy Seun, Jesus, na die wêreld gestuur.
- Nadat Hy na die hemel opgevaar het, het die Seun die Heilige Gees gestuur.
- Die Heilige Gees het op sy beurt die Kerk na die wêreld gebring om God se sendingswerk voort te sit.

(10)

**2.1.2 Die aard van die mensdom**

- God het die mensdom geskep volgens die skeppingsverhaal in Genesis.
- Die skepping van die mensdom word beskou as die klimaks van die manifestering van God se glorie.
- Anders as die diere, is mense na die beeld van God geskape en met God se asem gevul.
- Mense reflekteer dus die eienskappe, kenmerke en selfs die persoonlikheid van God.
- Mense het intellek en vrye wil, maar diere het instink en leef volgens die wette van die natuur, waaroor hulle geen beheer het nie.
- God het Adam en Eva geskep en hulle in die tuin geplaas.
- Hulle het die geselskap van diere en God se gereelde besoeke aan die tuin geniet.
- Volgens die model van die Heilige Drie-eenheid, moet die mensdom 'n verhouding van wedersydse respek en liefde hê.
- Mense moet 'n gemeenskap wees.
- Individue moet na mekaar omsien en mekaar beskerm.
- Geen persoon moet enige ander persoon domineer of uitbuit nie.

(10)

**2.1.3 Plek en verantwoordelikheid van die mens in die wêreld**

- Nadat Hy Adam en Eva geskep het, het God hulle opdrag gegee om na die Tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- God het hulle spesifiek opdrag gegee om oor hulle te regeer en om heerskappy oor alles in die wêreld te hê.
- Dit het nie beteken dat hulle die wêreld kon uitbuit en die natuurlike hulpbronne kon misbruik nie.
- As medeskeppers saam met God, is mense God se verteenwoordigers in die wêreld.
- Hulle is die opsigters van God se wêreld.
- Hulle is teenoor God aanspreeklik vir alles wat hulle met God se skepping doen.
- Die wêreld is beperk en uitputbaar en wat daarin is, kan opgebruik word as ons dit oorbenut of roekeloos is.
- Die aarde is die enigste bekende planeet in die heelal waarop lewe voorkom.
- Dit beteken dat omgewings- en ekologiese kwessies ons verantwoordelikheid is.
- Ons moet iets doen omtrent besoedeling en aardverwarming ter wille van toekomstige generasies.

**LET WEL:** *Enige ander godsdienstige bespreking deur die kandidaat moet aanvaar word.*

(10)

**2.2 Hermeneutiek van die interpretasie van normatiewe tekste**

- In Religiestudies beteken hermeneutiek die interpretasie van (heilige) tekste.
- Hermeneutiek beteken dat 'n spirituele teks in sy konteks beskou word en al die volgende faktore oorweeg word:
  - Watter tipe teks is dit?
  - Wanneer is dit geskryf?
  - Wie het dit geskryf?
  - Vir wie is dit geskryf?
  - Onder watter omstandighede is dit geskryf?
- Ons moet almal dieselfde beginsels gebruik wanneer tekste geïnterpreteer word, ongeag wat ons normatiewe bron is.
  - Grammatika en historiese konteks
  - Duidelikste betekenis
  - Plan, doel en konteks
  - Betekenis van woorde
  - Figuurlike taal
  - Ander heilige tekste
- Met verloop van tyd ontwikkel elke godsdienst sy eie maniere om normatiewe bronne te interpreteer of herinterpreteer.
- Twee breë hermeneutiese benaderings wat in alle godsdienste voorkom, is die konserwatiewe en die progressiewe benaderinge.
  - Beide konserwatiewe en progressiewe hermeneutiek kan strenger of losser toegepas word.

- Die konserwatiewe styl van interpretasie dring aan op 'n streng navolging van die woorde van die normatiewe bron, maak nie saak hoe oud dit is of hoe die omstandighede van die tyd waarin dit geskryf is van vandag se omstandighede verskil nie.
- Die progressiewe styl van interpretasie is gewoonlik net so ernstig oor lojaliteit teenoor die oorspronklike normatiewe teks as die konserwatiewe benadering.
- Dit is egter ook ernstig oor die historiese verskille tussen die tyd van die bron en vandag – besef dat 'n eenvoudige herhaling van die ou boodskap van die bron nie genoeg is nie.
- In Hermeneutiek verwys die woord 'teks' nie net na iets wat neergeskryf is nie, dit handel ook oor die interpretasie van mondelinge tekste.
- Heilige tekste bevat nie leringe wat oor tyd dieselfde bly nie, omdat die manier waarop tekste verstaan of geïnterpreteer word, altyd sal verander.
- Op dieselfde manier waarop kulture en gemeenskappe met tyd verander, gebeur dieselfde met interpretasies van godsdienstige tekste.
- Hermeneutiese beginsels handel nie net oor die teks nie, hulle handel ook oor die leser.
  - Dit is omdat die leser se rol in hermeneutiek eerstens is om tekste in hul historiese en kulturele konteks te plaas.
  - Tweedens interpreteer die leser dit op so 'n manier dat die boodskap in die huidige plek en tyd verstaan word en betekenis het.
  - Dus het die leser deur die handeling van interpretasie die mag om die betekenis van heilige tekste te verander om by die behoeftes van 'n sekere gemeenskap of kultuur te pas.

(20)  
[50]**VRAAG 3****3.1 Normatiewe bronne in een godsdiens****3.1.1 Kontemporêre inspirasie****Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR)**

- Die term 'kontemporêre inspirasie' verwys na inspirasie wat vandag steeds plaasvind.
- ATR het nie 'n stigter nie.
- Onmiddellike kontak met die dimensie buite die alledaagse lewe vorm die kern van Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Toe die eerste generasie mense gesterf het, het hulle by die Opperwese in die spirituele wêreld aangesluit en die eerste voorvaders geword.
- Mense kommunikeer met hul voorvaders, selfs vandag, en stuur boodskappe vir hulle.
- Mediums en waarsêers spesialiseer in kommunikasie met die voorvaders en geeste.
- Sulke mediums gaan deur 'n proses van 'dood en hergeboorte' tydens hul opleiding.
- In hierdie proses word die persoonlikheid beëindig en die medium of waarsêer ontvang 'n nuwe persoonlikheid wat aan die bonatuurlike magte gewy is.

- Priesters is ook belangrike tussengangers tussen die goddelike wesens en mense.
- Hierdie priesterlike funksie behoort gewoonlik aan die hoof van die gesin/familie.
- Soms word 'n profetiese rol deur 'n persoon gespeel wat geïnspireer is of wat voel dat hy of sy deur so 'n mag in besit geneem is, gewoonlik mediums of waarsêers.
- Ons ken nie die name van al die geïnspireerde figure, soos vroeë Afrika Tradisionele Godsdiensteleiers, nie.

#### Midde-Oosterse Godsdienste

- Inspirasie is in baie godsdienste 'n belangrike normatiewe bron.
- Dit verwys oorspronklik na die reikwydte (mag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag.
- Dit word as die ware oorsprong van alle godsdienste beskou.
- Daar is baie godsdienstige figure wat baie generasies volgelinge geïnspireer het.
- Voorbeelde van figure wat generasies geïnspireer het, is Abraham, Moses, Jesus Christus, Mohammed en Baha'u'llah.
- Al die figure hierbo het gevoel dat hulle spesiale, direkte en onmiddellike toegang tot 'n dimensie of wese, begrip of mag het wat buite alledaagse ervarings val.
- Die inspirasie van hierdie figure is deur hul volgers aanvaar as direk en onmiddellik, sonder ander tussengangers soos boeke of ander mense.
- In plaas hiervan word daar geglo dat hierdie figure van aangesig tot aangesig met God was en dat hulle hul boodskap direk van God af gekry het.
- In die Abrahamitiese gelowe glo hulle dat hulle profete goddelike inspirasie ontvang het, wat as hul heilige geskryfte neergeskryf is.

(10)

#### 3.1.2 **Mondelinge tradisie**

##### Afrika Tradisionele Godsdienste (ATR)

- Afrika-godsdienste is die inheemse godsdienste van Afrikane wat van een generasie na die volgende generasie deur die voorvaders oorgedra word.
- Afrikane het dit hul eie gemaak deur daarvolgens te leef en dit te beoefen.
- Dit is 'n godsdienst wat uit die mense se omgewing en in hul eie land ontstaan het.
- Dit word nie aan hulle gepreek of deur hulle ingevoer nie.
- Afrikane word nie tot ATR bekeer nie. Elke persoon word daarin gebore, leef daarin, beoefen dit en maak dit hul eie.
- Die oorspronklike inspirasie word dikwels eers deur mondelinge tradisie versprei, met ander woorde die oorspronklike boodskap word van een persoon na die volgende oorgedra, en van een generasie na die volgende deur mondelinge oordrag.

Midde-Oosterse godsdienste

- Die mondelinge tradisie het 'n baie belangrike rol in die oordrag van normatiewe tekste in alle groot godsdienste in die geskiedenis gespeel.
- In Midde-Oosterse godsdienste word die oorspronklike inspirasie dikwels eers deur mondelinge tradisie versprei.
- Dit beteken dat die oorspronklike boodskap van een persoon na die volgende en van een generasie na die volgende oorgedra word deur mondelinge oordrag.
- In terme van die lang geskiedenis van die mensdom, is skrif is relatief onlangse uitvinding.
- Voor dit is godsdienstige tradisies slegs mondelinges oorgedra.
- Sulke tradisies het met tyd verander, ontwikkel en aangepas, maar dit neem niks weg van die merkwaardige verskynsel van mondelinge tradisie as 'n normatiewe bron wat uiters belangrik is in godsdiensgeskiedenis nie.
- In Christendom het die doktrine van die apostels in mondelinge vorm vanaf Jesus na hulle gekom.
- Op 'n manier is die hele Christelike boodskap gebaseer op mondelinge tradisie en dit word slegs aangevul deur die gebruik van die geskrewe openbaring van die Ou Testament.

(10)

**3.1.3 Heilige tekste**Afrika Tradisionele Godsdiens (ATR)

- Afrika Tradisionele Godsdiens het geen heilige tekste nie; godsdiens word in die denke en handeling van die mense geskryf.
- Alle die oortuigings en leringe word op twee maniere oorgedra: deur die gesproke woord of deur rituele handeling.
- In die meeste Afrika-godsdienste word morele, waardes en kennis deur die oorvertel van stories wat as spreuke bekend staan, gekommunikeer.
- ATR fokus op deelname aan en beoefening van rituele, eerder as op teks as 'n heilige gesag.
- Dit is gebaseer op 'n daaglikse praktiese roetine waar respek getoon word aan bejaardes, broers en susters, die natuur en jouself.
- Beoefenaars van ATR weet dat mens die stam moet raadpleeg oor stappe wat hy/sy beplan om te doen, eerder as om 'n 'boek' te raadpleeg.
- In ATR is daar pogings om sommige basiese oortuigings van die godsdiens neer te skryf.

Midde-Oosterse Godsdienste

- Skrif het ongeveer 4 000 jaar gelede op die godsdienstige toneel verskyn.
- Skrif het 'n baie belangrike rol in baie godsdienste gespeel.
- Midde-Oosterse godsdienste het heilige tekste ontwikkel toe skrif ontstaan het.
- Mondelinge tradisies kan saam met geskrewe tradisies bestaan.
- In godsdienste van die Boek (Judaïsme, Christendom en Islam), speel geskrewe tekste 'n sleutelrol in leringe.



- Omdat die Profeet Mohammed ongeletterd was, het hy sy openbaringe mondelings met sy volgelinge gedeel, wat dit dan neergeskryf het.
- Die teks wat die openbaringe bevat, word die Koran genoem.
- Die boek word as die belangrikste geskrif in Islam beskou.
- Dit word as die woord van God beskou.
- Die Koran kan nie geskei word van die taal waarin dit geskryf is nie (Arabies).
- Jode praat van 'n geskrewe en 'n mondelinge wet, wat albei deur Moses op die Berg Sinai ontvang is en deur die generasies tot vandag aangegee is.
- Die mondelinge wet, wat die Tora verduidelik, is slegs in ongeveer 200 GE neergeskryf.
- Die mondelinge Tora is van een generasie na die volgende oorgedra tot dit neergeskryf is in 'n werk wat as die Misjna, wat 'lering' beteken, neergeskryf is.
- Die Christenbybel bestaan uit die Ou en Nuwe Testamente.
- Hierdie geskrifte is deur die eeue deur hul verskeie geloofsgemeenskappe as gesaghebbend verklaar om die Christelike heilige tekste te word.
- Verskillende lyste boeke (ons noem sulke lyste kanons) het uit die geskrifte ontstaan.
- Elke kanon is gesaghebbend en waardevol vir die Christene in hul eie tradisie, selfs al verskil dit van die kanon van 'n ander tradisie.
- Die term 'Bybel' het ontstaan uit 'n Griekse woord wat 'boek' beteken.
- Vir Christene is die Bybel 'n boek van geloof en dus noem Christene die Bybel die woord van God.

*[LET WEL: 'n Verduideliking van normatiewe bronne van enige ander godsdienste moet aanvaar word.]*

(10)

### 3.2 Hermeneutiese interpretasie van EEN teks

*[LET WEL: Die leerder moet punte ontvang vir enige interpretasie wat hermeneutiese beginsels toepas en die kernleringe van die betrokke godsdienste ondersteun.]*

#### 3.2.1 Boeddhisme

- In hierdie vers leer die Boeddha dat daar 'n oplossing vir die probleem van menslike lyding is.
- Die woord 'weg' in die eerste reël suggereer dat 'n sekere pad gevolg moet word om die 'begeertes' wat mense laat ly, te beëindig.
- Die Boeddha noem agt stappe wat na bevryding van hierdie 'begeertes' sal lei.
- Die doel is om ontslae te raak van begeerte, want hand aan hand gaan met volkome onselfsugtigheid.
- 'Regte uitsprake' beteken om op maniere te praat wat nie jou begeertes laat opvlam nie en wat jou aanmoedig om minder selfsugtig te wees.

- Die agtvoudige Pad moet nie as soortgelyk aan die Tien Gebooie van Christendom gesien word nie.
- Dit is nie net 'n lys reëls waarvolgens mens moet leef nie.
- Dit is 'n reeks stappe wat op mekaar volg.
- Die agtvoudige Pad is 'n spirituele reis.
- In enige reis moet mens 'n sekere pad volg om te kom waar jy wil wees.

### 3.2.2 **Judaïsme**

- Hierdie uittreksel toon dat alhoewel God soms met menslike eienskappe (antropomorfiëse eienskappe) beskryf word, Hy baie anders is.
- In skynbare teenstelling hiermee, is God transendentiaal of heeltemal 'anders' (transendentalisme).
- Hy is eintlik verhewe bo die begrip van mense.
- Antropomorfiëse taal is 'n manier waarop mense probeer om God te verstaan, maar dit beskryf eintlik nie die aard van God nie.
- Dit is omdat God ander as enigiets anders in die heelal is en enige menslike taal of begrip sal dus nooit in staat wees om God te beskryf nie.
- Hy is 'n God met menslike eienskappe (gedagtes).
- Selfs al het mense hul eie planne, het God as die Skepper 'n finale plan vir die mens.
- Mense se gedagtes is beperk en werk op 'n laer vlak in vergelyking met God se denke.
- God is in alles (immanentisme). Dit is 'n relatief nuwe eienskap en word veral deur mistici gevolg (glo dat mens God deur direkte ervaring kan ervaar).
- God is die God van die hele skepping (universalisme).

### 3.2.3 **Christendom**

- Jesus se bergrede bevat 'n verskeidenheid idees wat Christene se begrip van hul optrede in sosiale en gemeenskapslewe beïnvloed.
- Die preek illustreer hoe die verhouding tussen die kinders van God en hul liefdevolle Vaders 'n intieme liefdesverhouding word.
- Soos die Tien Gebooie probeer hierdie preek die verhouding tussen God en sy mense struktureer.
- Die 'seëninge' vorm deel van die inleiding van die preek.
- Die seënformule is 'n tipiese uitdrukking wat aan Bybelse wysheidsliteratuur behoort.
- Dit volg die sogenaamde vergeldingsbeginsel waar goeie daade geseën word en bose daade gestraf word.
- Elke seën is 'n motivering om mense te oortuig oor hoe om korrek op te tree om sodoende God se seën te ontvang.
- Soos wat Moses die wet op Berg Sinai ontvang het, gaan Jesus ook teen die berg op om sy 'nuwe wet' te onderrig.

- Die berg beklemtoon die verhouding tussen die berg van Moses en die berg waarteen Jesus uitklim om hier te onderrig.
- Jesus word uitgebeeld as 'n rabbi of onderwyser van al die mense, en nie net sy dissipels nie.
- Die vergeldingbeginsels in hierdie seëninge spel die basiese geloof van Jesus se volgelinge, naamlik geregtigheid, uit.
- Geregtigheid het twee aspekte: om die regte houding voor God te hê en om die regte dinge te doen.
- Die regte houding word deur die eerste seën uitgebeeld, om afhanklikheid van God te toon.
- Die 'swakkes van gees' is diegene wat hul plek voor God ken.

### 3.2.4

#### **Hindoeïsme**

- Verlossing of bevryding (Moksa) is die sleutelboodskap.
- Die eerste paragraaf van hierdie uittreksel leer dat elkeen 'n siel of 'Self' het wat in die liggaam woon.
- Die greep van plesier en pyn verwys na die siklus van geboorte en hergeboorte.
- Hierdie siklus hou die onsterflike siel vasgevang in die sterflike liggaam.
- Volgens Hindoe-geloof bestaan die hele heelal uit een 'Self' (Brahmin), en alle mense moet ook slegs een 'Self' of siel hê.
- Die doelwit van elke Hindoe is om die 'Self' uit die siklus van hergeboorte te bevry sodat dit een kan word met Brahmin.
- Die tweede paragraaf verduidelik wat die ware aard van die siel is deur is met natuurelemente te vergelyk.
- Net soos wind en donderweer nie 'n fisiese vorm of liggaam het nie, het die siel dit ook nie.
- Die ware aard van die mens se siel kan slegs ervaar word wanneer dit uit die siklus van hergeboorte bevry is.
- Sodra die siel nie meer in die liggaam vasgevang is nie, is dit vry om een met die 'hoogste lig', Brahmin, te word.
- 'Diep vrede', met ander woorde ware geluk, word ervaar wanneer 'n persoon wysheid en begrip van Brahmin het.

### 3.2.5

#### **Islam**

- Hierdie soera (vers) van die Koran leer dat Islam volkome monoteïsties is.
- Moslems glo dat daar slegs een ware God is.
- Hierdie God word 'Allah' genoem.
- Die woord 'Allah' in Arabies het nie 'n meervoud, geslag of verkleining nie.
- Woorde wat na God verwys, begin met 'n hoofletter (Een, Enigste ens.)
- Dit dui aan dat hierdie kenmerke slegs vir God geld.
- 'Hy verwek nie en Hy is nie verwek nie' dui aan dat God nie geskep is nie.
- Dit beteken ook dat Hy nie die vader van enige wese is nie.
- God het en sal altyd bestaan (m.a.w. God word nie beperk deur tyd en ruimte nie).
- Die laaste reël leer dat niks met God vergelyk kan word nie. (Hy is uniek in Sy eienskappe).

**3.2.6 Baha'i**

- Baha'i-leer beweer dat alle godsdienste deel van God se heilige plan is.
- In die eerste paragraaf leer Baha'u'llah dat die 'magtige stelsels' almal van God kom.
- God is die 'Bron' van alle godsdienste.
- God het deur die eeue baie boodskappers gestuur.
- Elke boodskapper het volgens die behoeftes van sy tyd gepreek (verskillende vereistes van die eras).
- Dit is waarom godsdienste sommige verskil.
- Daar is egter meer gemeenskaplike leringe tussen godsdienste as wat daar verskil is.
- Dit word verduidelik deur te sê dat daar een 'boom' is.
- Vir die Baha'i is daar slegs een godsdienst.
- Alle godsdienste van die wêreld is 'vrugte' van dieselfde boom.

**3.2.7 Afrika Tradisionele Godsdienste**

- Hierdie gedig ontbloot 'n diep liefde vir die God-Skepper (Qamata).
- Qamata is die bonatuurlike mag wat die heelal en alles daarin geskep het.
- Die Skepper is lief vir die hele skepping.
- Hierdie liefde geld selfs vir sondears.
- Dit was Qamata se liefde wat alle mense gelyk gemaak het.
- Mense het egter mekaar begin beoordeel, en elkeen voel meerwaardig teenoor ander.
- Sommige mense voel dat hulle eksklusiewe kontak met die spirituele wêreld het, terwyl Qamata vir almal toeganklik is.
- Qamata is alomteenwoordig.
- Qamata is konstant, omdat Qamata met beide voorvaders en die hele mensdom gepraat het.
- Qamata kan nie deur die menslike brein verstaan word nie.
- Mense maak egter beelde van Qamata sonder kennis van die Wese.
- Hulle besluit ook dat Qamata manlik is, terwyl Qamata dit nie bevestig nie. Qamata is nie manlik of vroulik nie.
- Mense beperk die eienskappe van Qamata tot hul eie menslike eienskappe.
- Dit is 'n belediging vir die Skepper.
- Godsdienst word dikwels gebruik om mense te onderdruk, terwyl alle mense eintlik gelyk geskep is.

(20)  
[50]

**VRAAG 4****4.1 Oorsake van die probleem**

*[Die probleem wat bespreek word, is armoede]*

- Mense wat as arm geklassifiseer word, kan nie in hul familie/gesin se basiese behoeftes vir kos, skooling, klere en mediese sorg voldoen nie.
- In Suid-Afrika val baie mense in hierdie kategorie.
- Vroue en kinders is veral geneig om kwesbaar vir armoede te wees.

- Suid-Afrika is een van die lande waar daar 'n ongelyke verspreiding van rykdom is.
- Dit is gedeeltelik veroorsaak deur die nalatenskap van apartheid.
- Hierdie apartheidswette is verander, en sedert 1994 het die demokratiese regering baie nuwe beleide ingestel om te probeer om die ongelykheid wat deur apartheid geskep is, te verwyder.
- Dit is maklik vir mense om in 'n siklus van armoede vasgevang te word.
- Indien 'n gesin/familie arm is, sal die kinders waarskynlik swak onderrig ontvang, wat dit vir hierdie kinders moeilik sal maak om goeie werk te kry.
- Maatskaplike en ekonomiese probleme duik ook op op die volgende maniere:
  - Tienerswangerskappe
  - Die aantal werklose jeugdiges word meer.
  - MIV en Vigs is algemeen onder tienerma's.
  - Armoede maak meisies kwesbaar vir mishandeling.
  - Hulle word in 'n slegte verhouding gedwing.
  - Armoede verswak gesins-/familiestrukture en ondersteuning, en laat jongmense kwesbaar vir negatiewe invloede.
  - Middelmisbruik (dwelms en alkohol) is vir die meeste jongmense 'n uitweg.
  - Dit veroorsaak finansiële druk op die ekonomie.

#### 4.2 **TWEE godsdienste se oplossing**

*[Hindoeïsme en Judaïsme word as voorbeelde bespreek.]*

##### Hindoeïsme

- In Hindoeïsme word 'n persoon se lyding gewoonlik op karma geblameer omdat daar gedink word dat hulle die prys in hierdie lewe betaal vir bose daade wat hulle in 'n vorige lewe gepleeg het.
- Sommige Hindoes gebruik soms hierdie argument as 'n rede vir hul ongeërgdheid teenoor armes.
- Ten spyte hiervan is Hindoes dwarsdeur die jaar betrokke by welsyn en ook in die tye van sekere feeste.
- Hy wat vrylik gee, gaan reguit na die gode toe, op die hoogste rif in die hemel staan hy as oorwinnaar (Rig Veda 1.125.5)
- Laat die ryk man die een wat hulp nodig het, versadig. (Rig Veda 10.11)

##### Judaïsme

- In die Joodse geloof word welsyn aangemoedig.
- In die Joodse huis is daar houters waarin volwassenes en kinders aangemoedig word om geld te plaas voordat hulle dit op hulself spandeer.
- Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dal jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God. (Miga 6:8).
- Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke; die Here sal hom red op die dag van nood. (Psalm 41:2)
- Die arm persoon moet versorg word volgens die behoeftes waaraan hy of sy gewoon was om te bevredig voordat hy of sy arm geword het, insluitend individuele begeertes of tekorte.

**[LET WEL:** *Bespreeking van enige ander twee godsdienste sal aanvaar word. 'n Maksimum van 10 punte word per godsdienst gegee.*

(20)

**4.3 VYF praktiese stappe deur godsdienstige organisasies**

- Die probleem kan op 'n nasionale, provinsiale en plaaslike vlak aangepak word.
- Die nasionale regering kan beleide toepas wat armoede verlig.
- Die regering kan saam met verskillende godsdienstige liggame werk om armoede te bestry.
- Dit kan programme vir die verligting van armoede ondersteun.
- Dit kan fondse toeken om mense op te lei om vaardighede te verwerf, wat hulle in staat sal stel om hulself te onderhou of om werk te kan kry.
- Die godsdienstige gemeenskappe werk ook saam met nieregerings-organisasies om armoede te verlig.
- Die geloofsgemeenskappe kan saam met besighede werk om gemeenskapsprojekte op die been te bring om die armes te help.

*[LET WEL: Bespreking van MIV en Vigs, of werkloosheid moet ook aanvaar word.]*

(10)  
[50]

**VRAAG 5****5.1 Reaksie van EEN godsdiens op evolusie**Christendom

- Baie Christene los die konflik op deur te suggereer dat die Bybel simbolies geïnterpreteer moet word, en nie letterlik nie.
- Hulle sê dat daar nie konflik tussen wetenskap en godsdiens is nie, solank mens wetenskap sien as die onthulling van die wette wat God self ingestel het om die heelal te skep.
- Hulle verwerp die idee dat die wêreld oor biljoene jaar ontstaan het en dat mense uit aapagtige vorms ontwikkel het.
- Hulle glo dat daar 'n enkele groot vloed was en dat die mensdom na die vloed moes oorbegyn.
- Wetenskaplikes glo egter dat daar gelokaliseerde vloede kon wees, maar nie 'n Groot Vloed nie.
- Sommige Christene beweer dat sekere aspekte van die skepping te kompleks was om volgens natuurlike seleksie te gebeur. Slegs God kon hierdie dinge geskep het.

Boeddhisme

- Boeddhisme en evolusie stem ooreen.
- Dit het nie 'n skeppingsverhaal nie.
- Boeddhiste gee nie om oor wat wetenskaplikes sê oor hoe die heelal en mense ontstaan het nie.
- Boeddhiste het lank voor Westerse wetenskaplikes in evolusie geglo.
- Boeddhiste glo dat alle lewe konstant verander en evolueer.
- Boeddhiste glo in die voortbestaan van alle lewende wesens.
- Hulle het nie 'n probleem met die idee dat mense uit meer primitiewe, aapagtige vorme kon evolueer nie.

Hindoeïsme

- Hindoes het geen probleem met evolusie nie, omdat hulle reeds glo dat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hindoes glo dat hulle 'n meer gevorderde teorie van evolusie het as die wetenskaplike teorie, wat beperk is tot dit wat fisies waargeneem kan word.

- Hindoes glo dat Hindoeïsme 'n meer omvattende en ware benadering tot evolusie bevat, omdat dit die geestelike insluit.
- Hindoes glo dat mense beheer oor jou spirituele en fisiese evolusie het, terwyl wetenskaplikes evolusie sien as 'n proses wat per toeval gebeur.
- Indien jy 'n goeie lewe leef, sal jy geleidelik evolueer deur baie hergeboortes totdat jy fisies en spiritueel gevorderd is.
- Uiteindelik sal jy bevryding uit die fisiese bereik en een word met God.

**[LET WEL:** *Bespreking op reaksies van enige ander godsdienste op evolusieleer moet aanvaar word.*

(10)

## 5.2 5.2.1 **Leringe oor die skepping**

### Christendom

- Volgens Christendom was daar in die begin niks behalwe chaos nie.
- Die boek Genesis sê dat God die wêreld en die heelal in ses dae geskep het en op die sewende dag gerus het.
- Die wêreld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid die skepping voltooi het.
- Mense, seidiere, diere en plante behoort almal aan God.

### Boeddhisme

- Hierdie wêreld is slegs een van miljoene wêrelde.
- In elk van hierdie wêrelde sal 'n Boeddha die ware aard van lewende wesens ontdek.
- Boeddhisme floreer vir duisende jare en dan sterf dit stadig uit.
- 'n Ander persoon sal probeer verstaan waarom mense ly en hy sal dan die volgende Boeddha word.
- Elke siklus het 'n Boeddha.

### Hindoeïsme

- Daar is baie verskillende gode en godinne in die heelal.
- Hierdie gode en godinne is die manifesterings van dieselfde heilige mag.
- Brahmin is nie 'n opperwese of 'n godheid nie.
- Brahmin, of die 'wêreldsiel', is die heilige krag waaruit die hele heelal bestaan.
- Tyd is siklies.
- Dit beteken dat die heelal nie 'n skielike begin gehad het nie en dat dit ook nie 'n skielike einde sal hê nie.
- Die heelal is sonder begin en einde en gaan deur herhalende fases van manifesterings en oplossing.

(10)

## 5.2.2 **Hoe mense ontstaan het**

### Christendom

- Volgens die geskrifte is die mens na God se gelykenis geskep.
- Mense reflekteer die eienskappe, kenmerke en selfs die persoonlikheid van God.

- Uit 'n Christelike oogpunt moet geen persoon 'n ander domineer of uitbuit nie.
- God het man en vrou geskep om metgeselle te wees.
- Die eerste mense was Adam en Eva, wat God uit klei gemaak het.
- Hulle was in die tuin van Eden ongehoorsaam aan God, en is na die Aarde verban.
- Mense moet 'n gemeenskap wees wat God dien en volgens Sy wette leef.
- Individue moet na mekaar omsien en mekaar beskerm.
- Mense is die hoogste vorm van God se skepping.

### Boeddhisme

- Mense is deel van realiteit en het nie spesiale status nie.
- Mense is geseën met onsterflike siele wat hulle van ander wesens skei.
- Hulle kan as straf as diere hergebore word.
- Mense is die middelpunt van die skepping.
- Bo hulle is gode en die diere is onder die mens se status.
- Jy moet as 'n mens gebore word om nirwana te bereik.

### Hindoeïsme

- Hindoeïsme leer dat alle mense onsterflike siele (atman) het.
- 'n Onsterflike siel is in die liggaam vasgevang deur 'n oneindige siklus van geboorte, dood en hergeboorte.
- Anders as die liggaam, gaan die siel nooit dood nie en kan dit nooit verander nie, omdat dit die ware aard van 'n persoon is.
- Die siel is deel van die groot heilige krag.
- Die siel is deur die fisiese liggaam van Brahmin geskei en 'n persoon se onkunde van die waarheid dat atman dieselfde as Brahmin is.

**[LET WEL:** *Bespreking van enige ander godsdien moet aanvaar word. Enige ander relevante besonderhede moet aanvaar word.*

(10)

5.3

5.3.1

### **Oerknalteorie**

- Die sogenaamde oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die heelal.
- Dit is nie bekend wat voor die oerknal bestaan het nie.
- Na die oerknal het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
- Dit het ongeveer 15 biljoen jaar gelede gebeur.
- Klein temperatuurverskille in die eerste ontploffing het tot verskillende digtheid dwarsdeur die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik bondels dwarsdeur die heelal gevorm.
- Groot spasies het hierdie bondels geskei
- Dit het groot versamelings sterre gevorm wat ons sterrestelsels noem.



- Sommige sterrestelsels het gekondenseer om 'n kombinasie van planete en sterre te vorm.
- Ons aarde is in een van die sonnestelsels.
- Dit is waar die evolusie van lewe plaasgevind het.
- Die teorie ontken nie die bestaan van 'n opperwese nie.
- Dit gee slegs 'n wetenskaplike (feitelike) verduideliking van die struktuur en samestelling van die heelal.

(10)

## 5.3.2

**Teenstrydighede tussen godsdiens en oerknalteorie***Nee, daar is nie teenstrydigheid nie**[Hindoeïsme as 'n voorbeeld]*

- Vir Hindoes is die heelal die skepper.
- Hindoeïsme weerspreek nie die oerknalteorie nie.
- Die Skepper het en sal altyd bestaan.
- Die Skepper het geen beperking nie en is dus nie 'n 'hy' of 'sy' of enigiets anders nie.
- Die skepper is eenvoudig die skepper. Die skepper bestaan in 'n aktiewe of passiewe toestand.
- Die passiewe toestand is 'n toestand van rus wanneer niks gebeur nie.
- Na 'n baie lang tyd word die skepper weer aktief. Dit is wanneer gedeeltes van die heelal anders as ander dele lys, en skepping begin.
- Mense is 'n produk van die skepping.

*Ja, daar is teenstrydigheid**[Midde-Oosterse godsdienste as 'n voorbeeld]*

- Die geskrifte van die Midde-Oosterse godsdienste – Judaïsme, Christendom en Islam, is na bewering deur God geïnspireer en is die direkte woord van God.
- Hulle deel 'n gemeenskaplike siening oor die skepping.
- Daar is een alomteenwoordige, almagtige, perfekte skepper.
- Hy het mense as die middelpunt van die skepping geskep.
- Skepping het ses dae geduur, en het begin deur die skeiding van lig en donker.
- Alle materie is uit niks geskep.
- Daar was eers net twee mense wat uit klei gemaak is.
- Hulle name was Adam en Eva.

(10)

**[50]****TOTAAL: 150**